

GETUIGSKRIF

Ek André en my vrou Bennette is gebore in Suid-Afrika. Vol hoop en ywer het ons oor die jare ons pluimvee, wild, bees boerdery en ander besighede opgebou om vir onself en ons nageslag 'n toekoms te verseker. Tans val ons onder een van die grootste onafhanklike eierprodusente in Suid-Afrika. Oor die jare sien jy dag vir dag hoe die omstandighede in ons mooi land versleg tot rommel status. Jy sien hoe jou drome in skerwe spat en besef dat jy na ander uitkomst moet soek. Na 'n kruistog oor die wêreld val ons besluit op Australië. Dit is dan dat jy begin soek na iemand wat jou aan die hand kan vat en die nuwe toekoms in kan lei. Geleer uit gebeure van die verlede maak jou skepties om iemand te vertrou. Die proses na die soeke vir iemand om my en my familie te assisteer met hierdie groot besluit, begin. Dit is voorwaar nie 'n maklike taak nie, verskeie opsies het opgeduik, maar met innerlike geloof en vertrouwe het ons volhard totdat Phillip Silver ons pad gekruis het.

Phillip se vermoë om fyn te luister na jou behoeftes, sy hartlike positiewe gesindheid en sy professionele werkswyse het my en my gesin dadelik beïndruk en veilig laat voel. Die onsekerheid om so 'n groot besluit te neem het verander na 'n opgewonde entoesiasme om saam met Phillip en sy span die nuwe uitdaging aan te pak. Die invul van vorms, die opstel van 'n besigheidsplan is met ons stap vir stap deurgegaan. Met sinvolle voorstelle en sy baie geduld het Phillip 'n huishoudelike naam geword in ons familie. Nie net het hy my dogter Andriette en haar man Louis en drie kinders se werksvisa suksesvol bekom nie, maar ook ons "Business Talent Subclass 132 Visa" goedgekeur gekry. Om hierdie visa op die ouderdom van 62 jaar te bekom is voorwaar 'n wonderwerk. Die feit dat ons reeds ver oor die ouderdomsgrens vir hierdie spesifieke visa was het Phillip Silver nie laat stop om steeds met volle entoesiasme hierdie groot uitdaging aan te pak nie. Hy het reggekry dat ons 'n "age waiver" ouderdoms kwytstelling ontvang het. Daar is selfs vir ons gereel om in Brisbane (Queensland) persoonlik 'n onderhoud te kon voer met die nodige visa owerhede.

Na 20 maande is ons droom bewaarheid en vlieg ons eersdaags met ons permanente verblyfsvisa om ons nuwe toekoms te begin. Danksy Phillip en sy span kan ons van vooraf weer begin droom, hierdie keer in 'n land gevestig in sy omgee vir sy mense en waar wet en orde heers. Ons dank die owerheid in Australië dat hulle ons 'n kans gee en ons Hemelse Vader dat Hy nog nooit ons hand gelos het nie.

André & Bennette Wohlfahrt